XHARIEP DISTRIKSVRAESTEL

AFRIKAANS HUISTAAL

VRAESTEL 2

GRAAD12

JUNIE 2011

MEMORANDUM

Afdeling A [40]

Vraag 1 (Gebruik departementele assesseringsinstrument)

Een sprong vir...

1. Die titel verwys na die eerste man op die maan (Neil Armstrong) se woorde toe hy in 1969 sy eerste tree op die maanoppervlak gegee het: *"One small step for man, one giant for mankind"*. √

   In strofe 1 verwys die verteller na die idioom *"om iemand die maan en sterre te beloof"*. Daarmee bedoel sy dat haar geliefde entoesiasties beloftes gemaak het, maar dit nooit nagekom het nie. √

   [2 punte]

2. In strofe 2 het die geliefde die verteller die verrukking van die liefde laat ervaar, maar haar ook in die steek gelaat: *"Jy stuur my na die maan"*. √

   Die spreker beweeg as't ware in 'n droomwêreld, maar verwysings na die kraters op die maan suggereer die spreker het die stryd om die verhouding te red verloor. √

   In strofe 3 word Armstrong se maantuig 'n metaforiese "lugskip van glas". Al herinnerings wat sy het van haar verhouding is foto's en stukkies "maankors" en sy weet uiteindelik "die maan is hiér". Daarmee besef dat sy nie haar liefde/heil – die onbereikbare en geheimsinnige maan - by ander plekke moet soek nie, want dit is hier naby haar beskikbaar. √

   [3 punte]

3. In die slotstrofe kom die spreker tot die insig dat die maan "beslis nie van kaas" gemaak is nie. Met hierdie idioom dui sy aan *dat sy haar nie meer so maklik dinge gaan laat wysmaak nie, sy is nie meer liggelowig oor die liefde nie*. Met hierdie beeld/verwysing bereik die maanmotief 'n hoogtepunt in die gedig. √

   [1 punt]

Inhoud : 6

Taal en styl : 4

Vraag 2

Nr.	Voorgestelde antwoord	Punte	Barrett
2.1	Vloedwater het ‘n vernietigende uitwerking op die omgewing (mens en dier; ook dinge).	1	3.2
2.2	Die uitwerking van die vloed op die natuurlike omgewing, die diere en die mense.	1	1.2
2.3	“skeef gearseer”	1	1.1
2.4	Die b-alliterasie en die ui-assonansie.	1	2.1
2.5	Die kosyne, tafels, katels en vrieskaste het op die landerye onder water gedryf.	1	1.1
2.6	Arpeggio’s verwys na akkoorde waarvan die note eers al hoër word en dan al laer. Dit dui op die verskillende stemme/ toonhoogtes van die mense se noodkrete.	1	3.5
2.7	Die leser ervaar dit as uiters ontstellend, want die krete van die mense hou lank aan/stop nie/ is skynbaar nimmereindigend.	1	5.1
2.8	Die mense is geskok; hulle voel magteloos en ontredderd.	1	3.8
2.9	Die lyke is met slyk/plantemateriaal/ blare omhul.	1	3.5
2.10	Hy suggereer dat die drywende lyke afgryslik is om te aanskou. Hy is magteloos om die ellende van die gestorwenes aan die leser oor te dra.	1	4.5
		10	

Vraag 3

Nr.	Voorgestelde antwoord	Punte	Barrett
3.1	"die werkers van die stad wat huis toe gaan" "skaduwee-skimme gly verby …" "Dis laat/ en lang ligvaandels wapper oor die straat" (Enige één aanhaling)	1	2.1
3.2	Anders as die werkers wat suf voorkom en nie praat nie, is hulle twee vrolik en hulle oë glinster.	1	3.1
3.3	Die uitsteltegniek.	1	5.3
3.4	"Ons ploeg deur stormsee met ons kaperskuit"	1	1.6
3.5	Slawe word gewoonlik weggevoer van hulle huise – hier word hulle huis toe geneem. (Hulle is dus nie "gewone" slawe nie.)	1	3.8
3.6	Dit laat die klem op die vier werkwoorde val en beklemtoon sodoende die gesukkel teen die opdraande uit. Dit versterk ook die ritme.	1	5.3
3.7	• In r.7 is hulle deel van die werkers op die "kaperskuit" en sodoende deel van die werkers/slawe. • In r.13 distansieer die verliefdes (ons) hulle van die werkers, hulle is nie meer deel van die werkers nie.	2	3.4
3.8	Die slotstrofe is 'n woordelikse herhaling van strofe 1.	1	1.3
3.9	Die gedig handel oor die mens wat vasgevang is in sy daaglikse roetine – 'n roetine waarvan hy nie kan ontsnap nie. Só raak die lewe uitsigloos.	1	2.4
		10	

Vraag 4

Nr.	Voorgestelde antwoord	Punte	Barrett
4.1	‘n Droom-stemming heers; ‘n stemming van dromerige romantiek. Dit word versterk deur die s-klanke wat die geluid van die sagte reën naboots	1	1.1
4.2	D : “dan gryp die onwerklikheid ons”	1	2.2
4.3	Die sagte atmosfeer wat deur die motreën geskep word, laat die “ons” dink aan aangename/belofteryke dinge. Dit laat die ons in gedagtes verlore raak. 1 3.8Alles versink in ‘n wasige droomwêreld.		
4.4	Surrey en Delft roep **die illusie** van ou beskawings op – ‘n beeld van ‘n rustige bestaan, nl. die dromerige onwerklike **romantiek** van Surrey en die valse **rustige** beelde van Delft.	2	3.4
4.5	Die Afrika-wêreld.	1	3.4
4.6	Die nuus uit die binneland is dat die natuurelemente (soos die bergwind, miershoop, droogte, brand) die binnelander laat besef hy is in Afrika; hier maak hy sy bestaan; hier woon hy.	1	3.4
4.7			
		10	

<u>Vraag 5</u> (Gebruik departementele assesseringsinstrument)

Sy jeugjare as kind op die plaas.

- KM het groot geword op die plaas Harmonie, waar die verteller se pa die eienaar was. √
- As seun was hy bekend daarvoor dat hy vinnig kon hardloop. Hy was besonder rats as hy boomklim. Hy kon strikke stel en byna elke soort voël daarheen lok. √
- Daar het 'n mooi verhouding tussen hom en die verteller geheers, want KM het daarvan gehou om die verteller oor sy groot oë nes dié van 'n kalf te terg. √ [3 punte]

Sy dood.

- As volwassene raak hy (toevallig?) betrokke by massa-optrede tydens die apartheidsopstande en word op 'n dag deel van die massa wat toyi-toyi. √
- Tydens dié geleentheid skiet die polisie (dalk een uit die skare?) en word hy deur 'n dwaalkoeël in die agterkop getref; hy sterf as 'n soort toevallige martelaar. √

[2 punte]

Die spreker se kommentaar op sy dood.

- Die spreker sien hom nie as 'n ervare betoger nie. Sy dood is vir die spreker (sy jeugvriend) aaklig en hy vind geen sin en doel in MK se vroeë dood nie. √

[1 punt]

Inhoud	:	6
Taal en styl	:	4

Totaal: -10-

Vraag 6

Nr.	Voorgestelde antwoord	Punte	Barrett
6.1	Die apartheidsjare.	1	1.2
6.2	Die woord “eens” suggereer dat ‘n lang tyd verloop het.	1	1.6
6.3	Hy kon vinnig hardloop, goed boomklim en maklik voëls met strikke vang.	1	2.4
6.4	Hy het toevallig/onbeplan deel geword van ‘n massa betogers wat vir die verkryging van ‘n demokratiese bestel betoog het; ‘n dwaalkoeël in die agterkop het sy lewe beëindig.	1	1.5
6.5	Waar hy bekend was vir sy vermoë om rats te kon boomklim, laat hy nou sy inkopiesak “onhandig” val – natuurlik toe die koeël hom getref het.	1	3.1
6.6	Elke eerste reël hou verband met sy kinderjare op die plaas. Die tweede reël verwys na sy volwasse lewe of sy lewe in die woonbuurt.	1	3.3
6.7	Mense is nie meer veilig in hulle gemeenskappe nie. Hulle raak maklik onskuldig/toevallig by betogings betrokke en word só die onskuldige slagoffers van misdaad. Die samelewing is vol geweld.	1	3.4
6.8	Die polisie raak te gou gewelddadig. Mense dryf hulle behoeftes so ver dat emosies buite beheer raak. Die stryd om demokrasie lei tot lewensverliese wat gemeenskappe weer die gevangenes van hulle eie onbeholpenheid maak.	1	3.8
6.9	r.13: “Ek, wat sindsdien dood probeer te rym met sin en doel”	1	5.2
6.10	Koeplette.	1	5.3
		10	

Totaal Afdeling A : 40

AFDELING B

VRAAG 7
KWART-VOOR-SEWE-LELIE ***Eleanor Baker***

MEMORANDUM
Hierdie opstel word nagesien aan die hand van die aangehegte Nasionale RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DIE DRAMA Let Wel: Hierdie memorandum bevat die breë, uitgebreide raamwerk van feite waaroor die kandidaat kan skryf. Daar word nie van die kandidaat verwag om al die onderstaande feite te noem nie. Die subopskrifte in die raamwerk dien slegs as riglyne vir die nasiener; kandidate mag nie subopskrifte in hul opstel gebruik nie. INLEIDING: Die kandidaat voorsien die opstel van ŉ gepaste inleiding, bv.
• Die mens skep vir hom /haar dikwels ŉ fantasiewëreld om die harde realiteite te ontvlug.

Iris skep vir haar ŉ fantasiewêreld

- Iris glo dat niemand na haar luister nie.
- Tussen haar susters voel sy soos ŉ Aspoestertjie (alhoewel hul haar nie stief behandel het nie).
- Sy glo dat sy ŉ alledaagse bestaan lei teenoor haar susters se interessanter en opwindender lewe.
- Sy ontsnap van die werklikheid (omdat mense haar dikwels nie ernstig opneem nie) en vind kompensasie in dagdrome oor aantreklike jong mans en romantiese avonture in oorsese lande (omdat die gebeure en persone in die werklikheid nie romanties genoeg is nie).
- Iris gebruik die fantasieë om vraagstukke vir haarself uit te werk en dinge te ervaar waarvan sy nog net gedroom het.
- Selfs haar beroepskeuse (om by ŉ tandarts te werk) is gedoen sodat werk nie haar gedagtes kon wegneem van haar verbeeldingsvlugte nie (Sy kon die werk doen en steeds fantaseer).
- In haar fantasieë gee Iris baie aandag aan klein besonderhede, kleredrag en die uiterlike van die karakters.
- Weer eens dinge wat sy nie in haar werklike lewe doen nie.
- Die fantasiewêreld is vir Iris ŉ verbetering van haar belewing van die werklikheid.

Richard

- Hy is die fantasiekarakter wat Iris skep, na aanleiding van Riekie (haar “eerste” verhouding).
- Riekie het sweterige hande en ŉ benoude asem.
- Iris verander sy naam na Richard – uitgespreek Rigardt.
- Riekie se bruin borselkop tower sy om in golwende donker hare.
- Riekie se praktiese, stomp hande het sensitiewe, lang vingers gekry.
- Sy oë het intens en versiende geword.

- Sy fantaseer oor hul verhouding en probeer die fantasie volhou.
- Sy omskep Riekie tot Richard sodat hy die teenoorgestelde van Riekie kan wees.
- Deur Richard word die leser meer bewus van Iris se wense en toekomsvisie.
- Maar die werklikheid in die vorm van Riekie verdring Iris se fantasie van Richard.

Eduard

- Die fantasiekarakter ontstaan met Elsa se troue.
- Iris fantaseer oor romantiese troues en Elsa se troue is te alledaags.
- Iris fantaseeer oor hom as strooijonker.
- Sy naam dui weereens op Iris se fantasie met name wat mense van oorsee suggereer.
- In haar fantasie bly Eduard na die troue in Suid-Afrika aan en Iris wys hom die land.
- Die werklikheid is dat Riekie die strooijonker is wat nie aan Iris se romantiese verwagtinge voldoen nie.
- Elsa, die praktiese beplanner en onromantiese bruid, verdring Iris se fantasieë.

Greta en Peter

- Dié fantasie begin met Elsa se swangerskap.
- Greta word Iris se alter- ego. (alhoewel sy na haarself in die derde persoon verwys)
- Die fantasie het een van haar meer uitgebreide verbeeldingsvlugte geword.
- Greta was ’n moderne, geëmansipeerde jong vrou, maar word ook swanger.
- Iris ontsnap van die werklikheid deur haar.
- Die fantasie hou Iris maande besig.
- Die leser leer ook Iris deur dié fantasie beter ken.
- Iris verweef nou elemente van die werklikhede in die fantasie.
- In die fantasie is daar weer ’n Eduard en Peter.
- Peter was ’n losbol, rokjagter, haastig, onlogies impulsief en het baie meisies.
- Hy bring meisies in die moeilikheid.
- Hy aanvaar nie sy verantwoordelikhede nie.

Peter (werklikheid)

- Fantasie en werklikheid word duidelik geskei deur Peter wat ’n werklikheid is.
- Iris besef dat ’n denkbeeldige karakter nie opgewasse is teen die harde werklikheid (van Peter) nie. Sy begin voel dat haar lewe oorbevolk is met werklike en fantasiekarakters.
- Die werklikheid saam met Peter word meer aanvaarbaar vir Iris en interessanter as die fantasie.
- Eduard en Greta (en daarmee ook haar fantasiewêreld) verdwyn.
- Hulle (die fantasiekarakters) is nie meer bestand teen Peter se fisiese werklikheid en sy humorsin nie.
- Sy probeer haar voorstel hoe ’n getroude lewe saam met Peter sal wees.

Mening of Iris as karakter ontwikkel het

- Die kandidaat spreek ’n gemotiveerde mening uit.
- Die fantasiewêreld dui op sekere karaktertrekke van Iris en die verandering wat sy deur die loop van die verhaal ondergaan het.
- Sy verander van ’n jong, onvolwasse persoon met ’n behoefte aan fantasieë na ’n volwasse persoon wat die werklikhede aanvaar.
- Sy besef die lewe is nie ’n storie of fantasie nie.
- ’n Mens is in ’n groot mate self verantwoordelik vir jou besluite en wat in jou lewe gebeur as gevolg daarvan.
- ’n Mens moet aanspreeklikheid vir jou keuses aanvaar.
- Sy kom ook tot die besef dat ’n naam net ’n naam is en dat sy nie so gretig moet wees om te blom nie.

[25]

VRAAG 8

KWART-VOOR-SEWE-LELIE ***Eleanor Baker***

8.1. In Londen

8.2. Joe

8.3. Hy wil haar ‘n modelkontrak in NY aanbied.

8.4. Die kwart-voor-sewe-lelie blom slegs een keer. Hierdie geleentheid kan dalk Iris se een in ‘n leeftyd blomgeleentheid wees.

8.5. Die kameralens kyk met ‘n fyn/skerp oog. So ook Iris.

8.6. Tydens Paula se partytjie waar sy Peter ontmoet het.

8.7. Billy

8.8. Dit was in die apartheidsjare toe wit en swart nie vriende was nie

8.9. Peter het Iris belet om die modelkontrak te aanvaar.

8.10. Kara
Elsa

8.11. Ja. Kara en Elsa het getrou, kinders gekry en was vir ‘n ruk net huisvroue.

8.12. Sy aanvaar nie geld van Eduard nie.
Sy dwing nie Peter om met haar te trou nie.

8.13. Sy het hom by haar ouma geërf.

8.14. Hy hou haar geselskap.
Hy bedien haar van raad.
Hy is haar beskermengel.

8.15. Sy besef dat ‘n doodgewone geroetineerde voorstedelike bestaan, ook sy blom-oomblik kan hê.

8.16. Realiteit
Fantasiewêreld
Metafisiese

AFDELING C

VRAAG 9
MIS *R.de Wet*

Inleiding: Die kandidaat voorsien die opstel van ‘n gepaste inleiding.

Miem: (5 Feite)

- ‘n Middeljarige vrou en moeder van Meisie
- Calvanistiese matriarg – regeer met ‘n ysterhand oor Meisie
- Sy beskou haarself as die beskermer van Meisie se liggaam en gees.
- Haar ideaal is om Meisie getroud te sien.
- Sy probeer hard om die konstabel bewus te maak van haar hubare dogter.
- Sy vertrou die konstabel onvoorwaardelik en betwyfel nooit sy bedoelings t.o.v. haar dogter nie, al is hy ‘n vreemdeling.
- Haar eensaamheid kom na vore as sy met die konstabel gesels (“Dit is so lank laas...lank laas... dat ‘n man vir my goeienag gesê het.”) Dit wek simpatie by die leser.
- Sy beskou haarself as bewaker van die dorp se sedes en meen sy is verantwoordelik vir wat daar aangaa.
- Hoë morele standaarde is vir haar belangrik. Sy spreek Gertie aan en praat van die “aaklikge musiek”.

Meisie: (5 Feite)

- ‘n Hardwerkende gedienstige dogter – help haar ma tot in die aand.
- Sy word deur haar ma oorheers – sy mag nie na die liggies kyk of sirkus toe gaan nie.
- Sy het geen vriende nie – a.g.v. die stink misreuk wil niemand kom kuier nie. Sy gaan nooit uit nie, moet net werk.
- Die konstabel word vir haar ‘n vriend. Sy vertel hom van haar ervaring die vorige jaar toe sy by die sirkus was.
- Sy voel identiteitloos a.g.v. die naam “Meisie”.
- Die konstabel stel belang in haar regte naam. Dit gee haar eie waarde.
- Dit is vir Meisie die begin van ‘n proses van selfontdekking en ontwaking wat uiteindelik tot haar ontvlugting lei.
- Sy dans met haar aannemingsrok voor die konstabel by die deur uit – sy is nou selfversekerd en wys dat sy bereid is om haarself bloot te stel.

Gertie: (5 Feite)

- ‘n Middeljarige, fiksheidsbewuste oujongnooi wat liggaamsopvoeding by die plaaslike skool gee.
- Sy is redelik teatraal – maak ‘n dramatiese verskyning by Miem se huis.
- Oënskynlik konserwatief, maar gefassineer deur die sirkus se “fratse”.
- Sy ken Miem goed – sy gee voor sy het net na die fratse gekyk “sodat ek my seëninge kan tel.”
- Sy het volle vertroue in die polisie. “Die sersant is ‘n verstandige man.”
- Sy is liggelowig deurdat sy beïndruk is met die konstabel se reukvermoë en nie vermoed dat hy hulle kul nie.
- Gertie is sensitief en voel seergemaak wanneer die konstabel na die reuktoets sê dat sy byna soos dikmelk ruik.
- Sy is eensaam.
- Sy is jaloers wanneer Meisie en die konstabel alleen buite is.
- Sy het ‘n baie sensuele kant. Sy laat haar deur die konstabel manipuleer om die sensuele dans uit te voer.

[25]

VRAAG 10

MIS *R.de Wet*

10.1 Hy het aangebied om haar te help om die slopemmer buite leeg te maak. ✓ (1)

10.2 Sy voel gemaklik in sy geselskap./ Sy het ontdooi./ Sy is gemeensaam met hom. ✓ (1)

10.3 Daar is nie 'n toilet in die huis nie, hulle gaan agter na die **kleinhuisie** toe.√ As dit koud is (r.17) kan hulle nie 'n verwarmer aanskakel nie, want hulle het nie krag nie en daarom sit hulle by die (kool)**stoof.**√ (Twee punte vir verwysing na die konteks en 1 punt vir die interpretasie/verduideliking)√ (3)

10.4 Die agterdeur bied toegang tot die gesuggereerde buiteruimte✓ (wat vryheid voorstel.) Meisie beweeg later die aand hierdeur om bevryding✓ (uit haar eng bestaan) te vind. (2)

10.5.1 Sy beskou dit as boos. ✓ (1)

10.5.2 Buiteruimte/ Toweragtige ruimte van die sirkus. ✓ (1)

10.5.3 Buiteruimte/sirkusruimte: vrolik, eksoties✓ Binneruimte (kombuis van armoedige plaaswoning): bedruk/ neerdrukkend/ armoedig✓ (2)

10.6.1 spatsels✓ en flappe✓ (2)

10.6.2 Die blomme dui simbolies op die seksuele ontwaking van Meisie✓ en op haar maagdelike onskuld. ✓ (2)

10.7 Sy wil hê Meisie moet met die konstabel trou. ✓ (1)

10.8 Miem: dominerend/ baasspelerig/ afkerend en geslote teenoor die buitewêreld/ konserwatief/onderdruk enige plesier/aanvaar geslote bestaan✓ Gertie: verskonend, amper gedienstig; bang om van Miem te verskil/kyk wat buitewêreld het om te bied/praat reguit/ spreek emosies openlik uit ✓ (2)

10.9.1 Sy is jaloers /wil nie hê Meisie moet te lank alleen met die konstabel wees nie.✓ (1)

10.9.2 Ironie: Miem is bysiende✓en kan dus nie goed sien nie; Sy sien ook nie die gevaar✓ wat die konstabel vir haar dogter inhou nie. (2)

10.10 Die konstabel het aan al drie dames gesnuif ✓ om vas te stel of hulle oud, middeljarig of jonk is. ✓ (2)

10.11.1 Pa/ Gabriël ✓ (1)

10.11.2 Swaarkry in Depressie ✓ (1)

TOTAAL AFDELING C: 25
GROOTTOTAAL: 80